

Donderdag 29 Desember

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 2:13-17

Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 2:16

Ewige troos en goeie hoop

Die Woord van God is op elke bladsy vol goeie hoop. Hier is dit weer só. Vier woorde wat ryk is aan betekenis, word in een sin aanmekaar gekoppel: *liefde*, *genade*, *troos* en *hoop*. Almal knoop saam en vind hulle fondament in die versoeningswerk van Jesus Christus.

- God is vir ons só *lief* dat Hy sy enigste Seun, Jesus Christus, gestuur het. Hy het aan die kruis vir al ons sondes betaal en opgestaan uit die dood, sodat ons ook eendag uit die dood kán en gáán opstaan.
- Dít doen God uit onverdiende *genade* aan ons. Hy is hoegenaamd niks aan ons verskuldig nie. Ons ontvang as gelowiges die ewige lewe as 'n vrye geskenk.
- Juis dít – dat ons gered is van die ewige verdoemenis tot die ewige saligheid – is vir ons 'n onbeskryflike *troos*. 'n Ewige troos!
- Ons is nie in die draaikolk van die hede vasgevang nie. God gee vir ons die allerbeste *hoop*. Níks kan ons uit God se hand ruk nie. Níks kan ons van sy oneindige liefde skei nie. Hy is koersvas met ons na sý heerlike toekoms op pad – ook in die nuwe jaar wat wink.

Lig jou kop op en kyk by al die ellende en hartseer en misdaad van elke dag verby. Kyk bo-oor dit alles. Anderkant wag 'n nuwe werklikheid, 'n nuwe hoop, 'n allesoortreffende beter lewe as nou – ook vir jou! God het dit belowe, en sy beloftes staan vas.

Sing: Psalm 4:3, 4 (1936)

Dr. AH (André) Grové (Emeritus)